

SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES



2 DIE BELOFTE: GOD SE EWIGDURENDE VERBOND



Inhoudsopgawe

1	Wat het gebeur? — (27 Maart tot 2 April)	120
2	Verbondsvoorskou — (3 tot 9 April)	128
3	Vir “ewige geslagte” — (10 tot 16 April)	136
4	‘n Ewige verbond — (17 tot 23 April)	144
5	Kinders van die Belofte — (24 tot 30 April)	152
6	Abraham se nageslag — (1 tot 7 Mei)	160
7	Die verbond by Sinai — (8 tot 14 Mei)	168
8	Die wet en die verbond — (15 tot 21 Mei)	176
9	Verbondsteken — (22 tot 28 Mei)	184
10	Die nuwe verbond — (29 tot 4 Junie)	192
11	Die heiligdom van die nuwe verbond — (5 tot 11 Junie)	200
12	Verbondsgeloof — (12-18 Junie)	208
13	Die lewewegende nuwe verbond — (19-25 Junie)	216

Redakteurskantoor:

Old Columbia Pike 12501
Silver Spring, MD 20904

Besoek ons webblad:

<http://www.absg.adventist.org>

Hoofbydraer:

Gebaseer op vorige werk deur Gerhard
F. Hasel

Redakteur:

Clifford R. Goldstein

Assistent-Redakteur:

Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder:

Lea Alexander Greve

Publikasie-Assistent:

Sharon Thomas-Crews

Pacific Press® Koördineerder:

Tricia Wagh

Grafiese Ontwerp en Uitleg:

Lars Justinen

© Alle kopieregte 2021

Wêreldkonferensie van die Sewendedag-
Adventiste Kerk® word voorbehou.
Geen gedeelte van die Sabbatskool
Bybelstudiegids vir Volwassenes
(Standaarduitgawe) mag gereedigeer,

verander, gewysig, aangepas, vertaal,
gereproduseer, of gepubliseer word
deur enige persoon of entiteit sonder
die geskrewe magtiging van die
Wêreldkonferensie van Sewendedag-
Adventiste® nie. Die Divisie-Kantore van
die Wêreldkonferensie van Sewendedag-
Adventiste® het toestemming om
vir die vertaling van die Sabbatskool
Bybelstudiegids vir Volwassenes te reël
en is aan sekere riglyne onderhewig.
Die kopiereg van sulke vertalings en
die publiserings daarvan word deur
die Wêreldkonferensie voorbehou.
“Sewendedag-Adventiste,” “Adventiste”
en die vlamlogo is geregistreerde
handelsmerke van die Wêreldkonferensie
van Sewendedag-Adventiste® en mag
nie sonder amptelike toestemming
gebruik word nie.

Die Sabbatskool Bybelstudiegids vir
Volwassenes (standaarduitgawe)
word deur die Kantoer van die
Sabbatskooldepartement en die
Wêreldkonferensie van Sewendedag-
Adventiste voorberei. Hierdie studiegids
staan onder die algemene leiding
van die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n
subkomitee van die Wêreldkonferensie
se Administratiewe Komitee (ADCOM), en
die uitgewer van die Bybelstudiegids.
Die Bybelstudiegids weerspreek dus die
algemene bydraes van 'n wêreldwye
evalueringskomitee en die goedkeuring

van die Sabbatskool Uitgewersraad,
en verteenwoordig dus nie uitsluitlik
of noodwendig die sieninge en
standpunte van die hoofbydraer en
outeur(s) nie.

Bybelaanhalings

Tensy anders vermeld word, word die
Skrifverwysings in die Bybelstudiegids
vir die Tweede Kwartaal 2021 uit die
volgende Bybelvertaling aangehaal: Die
Bybel, 1933, 1953 Bybelgenootskap van
Suid-Afrika, en word met toestemming en
voorbehoud van alle regte gebruik.

E.G. White-aanhalings in Afrikaans

Sommige Afrikaanse vertalings van
die Ellen G. White-aanhalings wat in
hierdie studiegids gebruik word, is vrylik
vertaal deur die vertaler, en word as vrye
vertalings aangedui.



Die Verbond

In 1588 het 'n jong Engelse vrou wat sewe maande verwagting was ontydig begin geboorte gee nadat sy oor die see gekyk het en die Spaanse vloot met 130 swaargewapende skepe na die eiland sien aankom het om dit te kom beset. Die vroedvrou wat haar moes bystaan, het gevrees vir wat besig was om te gebeur.

Vrees was wat haar kind, Thomas Hobbes, wat een van Europa se grootste politieke teoretici geword het, inderdaad in sy loopbaan sou aanspreek. In sy leeftyd was Engeland deurdring met siviele oorlog en eindelose godsdienstige geweld, en Hobbes het dit aangespreek en gesê dat die mensdom, sonder 'n sterk, allesbeherende regering, in 'n staat van onophoudelike vrees vasgevang sou word — vrees vir onstabiliteit, vrees vir oorname, en veral vrees vir die dood. Die mense het in 'n toestand van “oorlog deur almal teen almal” geleef, en as iets ingrypends nie daaraan gedoen sou word nie, sou die lewe, het hy gewaarsku, niks anders as “afgesonderd, armoedig, aaklig, wreed, en kort” gewees het nie.

Wat sou die oplossing wees? Hobbes het gesê dat daar net een oplossing was: die mense moes hulleself onder een enkele mag plaas en al hulle wense na een wens verminder, onder 'n mag wat volkome outoriteit oor hulle sou uitoefen. Hierdie mag, hierdie heerser — òf 'n enkele persoon òf 'n raad — wat volslae beheer oor die nasie sou uitoefen, sou die verskriklike toestande wat hulle lewe so vol vrees en onstabiel gemaak het, beëindig het. Met ander woorde, in ruil vir al hulle regte sou die mense vrede en sekuriteit hê. Hierdie oorname van mag, van die mense na 'n oppermag, is wat Hobbes die “verbond” genoem het.

Die idee van 'n verbond het egter nie by Hobbes begin nie. Inteendeel, duisende jare voor hy geleef het, het God 'n verbond met Israel gesluit; 'n verbond wat sy oorsprong gehad

het voordat Israel bestaan het. Anders as Hobbes se verbond wat deur die mense begin en geproklameer moes word, was hierdie verbond begin en bekendgemaak deur die ware Soewereine Een, die Skepper van hemel en aarde. Eweneens, hoewel Hobbes se verbond enkel en alleen deur vrees gemotiveer was, was God se verbond deur liefde gemotiveer, sy liefde vir die gevalle mensdom, 'n liefde wat Hom na die kruis geneem het.

Op hierdie manier, omdat wat Christus vir ons gedoen het, het ons God lief, en net soos met Hobbes se verbond, waar die onderdane alles aan die heerser moes oorgee, gee ons ook alles oor — ons sondige gewoontes, ons vrese, ons verdraaide begrippe van reg en verkeerd. Ons doen dit nie om iets terug te ontvang nie, maar omdat ons reeds die beste gawe wat die Soewereine Een kon gee, ontvang het — Jesus Christus en die verlossing wat ons in Hom vind.

Hoe werk dit alles? Dit is so eenvoudig soos 'n ruiltransaksie: Christus neem ons sondes en skenk ons Sy geregtigheid sodat ons, deur Hom, so regverdig soos God verklaar kan word. Op hierdie manier word sonde nie meer aan ons toegedig nie; dit veroorsaak nie meer skeiding tussen ons en Hom nie. Moordenaars, egbrekers, skynheiliges, leuenaars, diewe, en selfs die bloedskenders, kan almal soos God as regverdig gesien word. En hierdie wonderlike gawe, hierdie gawe van regverdiging, gebeur met hulle deur geloof en deur geloof alleenlik. Daarom die frase, "regverdiging deur geloof".

Maar dit eindig ook nie daar nie. Moordenaars, egbrekers, skynheiliges, leuenaars, diewe, en selfs die bloedskenders, kan, deur Jesus, 'n verhouding met God begin, want Jesus se bloed bring nie net vergifnis nie, maar reiniging, gesondmaking en herstel. Ons is, deur Christus, weergebore, en deur hierdie ondervinding skryf God sy heilige wet op die vleeslike tafels van ons harte. Daarom doen moordenaars, egbrekers, skynheiliges, leuenaars, diewe, en die bloedskenders nie meer die dinge wat hulle voorheen gedoen het nie. Deur hierdie innerlike wet leef die gelowige. Hierdie mense begeer om te doen wat God in hulle plaas, en daardie begeerte word deur Goddelike krag ondersteun. Hierdie is die kern van wat dit beteken om in 'n verbondsverhouding met God te leef.

Hierdie kwartaal gaan ons God se verbond ondersoek, wat dit aan ons bied, en selfs wat dit van ons vereis. Hoewel baie bronne geraadpleeg was, bou die lesse veral op die werk en kennis van die afgestorwe Dr. Gerhard Hasel wie se insigte in die Woord (waar die verbondsbeloftes openbaar word) bemoediging, hoop en begrip sal gee sodat ons iets kan leer wat Hobbes moontlik nooit ingesien het nie: "Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite ..." (*1 Johannes 4:18*).

Gerhard F. Hasel (PhD, Vanderbilt Universiteit) was John Nevins Andrews Professor van die Ou Testament en Bybelse Teologie by die SDA Teologiese Seminarie te Andrews Universiteit. Hy was vanaf 1981-88 die hoof van die seminarie, en vir 27 jaar die direkteur van die ThD/PhD programme.